

12 Augustus

Handelinge 16:25-34

(Teks: Dordtse Leerreëls 2:5)

Die heerlike belofte van die evangelie

Dit is onmoontlik vir 'n gelowige om te swyg oor wat Christus vir hom gedoen het. Waar die hart van vol is loop die mond van oor. Die belofte van die evangelie is baie duidelik uit die Heilige Skrif: Elkeen wat in die gekruisigde Christus glo sal nie verlore gaan nie maar sal die ewige lewe hê.

Dink net met watter blydschap en vrymoedigheid die apostel Paulus saam met Silas, die goeie boodskap aan die tronkbewaarder in Filippi gebring het, al was dit elkeen met 'n bebloede gegeselde rug: "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."

So bely ons in par. 5 dat hierdie belofte aan alle volke en mense aan wie God na sy welbehae die evangelie stuur, sonder onderskeid en willekeur verkondig en bekend gestel moet word met die eis tot bekering en geloof. Al lyk iemand nou nie vir ons so uitverkore en verlosbaar nie moet ons die blye boodskap bring na elkeen op aarde wat die gesig van 'n mens het. Dis soms moeisame werk, maar heerlike werk.

Dit behels ook die vertaling en verspreiding van God se Woord.

Almal moet dit hoor: O almal wat dors het kom na die waters... (Jes. 55).

Kan dit dalk gebeur dat u 'n ouderling of diaken is, maar nog nooit met u eie kind gepraat het oor die geloof in Christus nie? Kan dit wees dat u as man en vrou, na jare se huwelikslewe, nog nooit met mekaar die vreugde van die verlossing deur Christus gedeel het nie?

Sing Psalm 31:17

Ds. J. Venter (Brakpan)